Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

*Buitengewone*
**Staatskoerant**
**Government Gazette**
*Extraordinary*

EX UNITATE VIRES

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. III.] PRYS 5c. KAAPSTAD, 2 FEBRUARIE 1962. CAPE TOWN, 2ND FEBRUARY, 1962. PRICE 5c. [No. 170.

## PROKLAMASIE.

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 14.] [2 Februarie 1962.

NOORD-VRYSTAATSE WATERRAAD, DISTRIK SASOLBURG, ORANJE-VRYSTAAT—INSTELLING.

NADEMAAL dit wenslik geag word dat 'n gekombineerde skema ingestel word ten einde water vir stedelike, nywerheids- of landboudoeleindes binne die Sasolburgdistrik aan plaaslike besture, enige Staatsdepartement, insluitende die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie en 'n provinsiale administrasie, of ander persone te voorsien;

EN NADEMAAL die Staatspresident kragtens sub-artikel (2) van artikel *eenhonderd en agt* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956) by proklamasie in die *Staatskoerant* vir die betrokke gebied, soos in die proklamasie omskryf, 'n waterraad kan instel en aan bedoelde raad 'n naam kan toewys;

SO IS DIT DAT EK, kragtens die bevoegdheid my verleen by sub-artikel (2) van artikel *eenhonderd en agt* van genoemde Wet hierby verklaar dat daar met ingang van die datum van publikasie hiervan vir die Sasolburgdistrik, soos omskryf in Goewermentskennisgewing No. 305 van 1957, 'n waterraad is wat as die Noord-Vrystaatse Waterraad bekend staan.

GEGEE onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Ses-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehonderd Twee-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Rade.
P. M. K. LE ROUX.

## PROCLAMATION.

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 14.] [2nd February, 1962.

NORTHERN FREE STATE WATER BOARD, DISTRICT OF SASOLBURG, ORANGE FREE STATE—ESTABLISHMENT.

WHEREAS it is deemed desirable that a combined scheme be established for supplying water for urban, industrial or agricultural purposes within the Sasolburg District to local authorities, any department of State, including the South African Railways and Harbours Administration and any provincial administration, or other persons;

AND WHEREAS the State President may, in terms of sub-section (2) of section *one hundred and eight* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), by proclamation in the *Gazette* establish for the area in question, which shall be defined in the proclamation, a water board and assign a name to such board;

NOW, THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested by sub-section (2) of section *one hundred and eight* of the said Act, I do hereby declare that as from the date of publication hereof there shall be a water board, known as the Northern Free State Water Board, for the Sasolburg District as defined in Government Notice No. 305 of 1957.

GIVEN under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on the Twenty-sixth day of January, One Thousand Nine Hundred and Sixty-two.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.
P. M. K. LE ROUX.

GEDRUK VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, DEUR CAPE TIMES LIMITED, KAAPSTAD.—C925.
PRINTED FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, BY CAPE TIMES LIMITED, CAPE TOWN.—C925.